Vraag 23: Wat is geloof in Jesus Christus?

Materiaal vir stiltetyd, kleingroepe of families.

RUS

Gebruik Romeine 5:1-2: “As mense wat deur God vrygespreek is omdat ons glo, het ons nou vrede met God op grond van wat Jesus Christus ons Here gedoen het. Deur Jesus Christus het ons, deurdat ons glo, toegang verkry tot hierdie heerlike posisie van genade waarin ons ons nou bevind, en ons jubel vol verwagting oor die heerlikheid wat God aan ons gaan gee.” (NLV)

HOOR

1. Wat is geloof in Jesus Christus? Watter rol speel kennis? Watter rol speel vertroue? Watter rol speel God? Watter rol speel jy?

2. Lees my antwoord op die vraag en oordink dit.

Om alles wat God in sy Woord geopenbaar het oor Jesus Christus as waar te aanvaar en Hom alleen te vertrou. ’n Ware geloof is ’n vasstaande kennis vanuit die Woord sowel as ’n vaste vertroue deur die Heilige Gees dat God my uit genade alleen, op grond van die verdienste van Christus alleen, vergewe, verlos en die ewige lewe skenk.

3. Lees die verhaal van Jesus in gesprek met die Samaritaanse vrou in Johannes 4. Wat tref jou?

4. Lees my opsomming van die boodskap hiervan. Oordink dit.

Jesus het ’n Samaritaanse vrou vir water gevra. Sy kom toe agter dat Hy die Messias, die Christus, is. Die vrou het vir die mense van die dorp vertel. Hulle het na Jesus toe gestroom. Hulle het geglo op grond van die woorde van die vrou. Jesus het twee dae lank daar oorgebly. Baie meer het op grond van Jesus se woorde geglo. Hulle het vir die vrou gesê: “Ons glo nie net meer op grond van wat jy gesê het nie; ons het nou self gehoor wat Hy sê, en ons weet dat Hy regtig die Verlosser van die wêreld is.”

LEEF

5. Die Heidelbergse Kategismus 21 spel die ware geloof as volg uit: *'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.* **Is dit hoe jy oor die ware geloof dink? Is dit hoe jy ware geloof ervaar?**

VIR DIEPERDELWERS

Nederlandse Geloofsbelydenis 22

ONS REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF

Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie. Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, óf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is. Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is (Rom. 3:28).

Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hý reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vryspraak vir ons sondes te verkry.

Ps. 51:8; Ef. 1:17-18; 1 Tess. 1:6; 1 Kor. 2:12; Gal 2:21; Jer. 23:6; 1 Kor. 1:20; Jer. 51:10; 1 Kor. 15:3; Matt. 1:21; Rom. 8:1; 3:20, 28; Gal. 2:16; Heb. 7:19; Rom. 8:29, 33; Hand. 13:28; 1 Pet. 1:4; Rom. 10:3, 5, 9; Luk. 1:77; Tit. 3:5; Ps. 32:1; Rom. 4:5; 3:24, 27; Filp. 3:9; 2 Tim. 1:9; Ps. 115:1; 1 Kor. 4:7; Rom. 4:2.

Heidelbergse Kategismus 21, 32-33

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het (a) vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.

(a) Jak 2:19. (b) Heb 11:1, 7; Rom 4:18-21; 10:10; Ef 3:12; Heb 4:16; Jak 1:6. (c) Gal 5:22; Matt 16:17; 2 Kor 4:13; Joh 6:29; Ef 2:8; Fil 1:19; Hand 16:14. (d) Rom 1:16; 10:17; 1 Kor 1:21; Hand 10:44; 16:14. (e) Ef 2:8; Rom 3:24; 5:19; Luk 1:77, 78. (f) Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:10, 38; Gal 2:16.

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan

toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom I2:1; 1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13;. Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?

Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is (a), terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b).

(a) Joh 1:14; Heb 1:1, 2; Joh 3:16;1 Joh 4:9; Rom. 8:32. (b) Rom 8:16; Joh 1:12; Gal 4:6; Ef 1:5, 6.

Westminster Geloofsbelydenis 10

Effectual Calling

1. At the right time, appointed by him, God effectually calls all those and only those whom he has predestined to life. He calls them by his word and Spirit out of their natural state of sin and death into grace and salvation through Jesus Christ.[1] He enlightens their minds spiritually with a saving understanding of the things of God.[2] He takes away their heart of stone and gives them a heart of flesh.[3] He renews their wills and by his almighty power leads them to what is good.[4] And so he effectually draws them to Jesus Christ.[5] But they come to Jesus voluntarily, having been made willing by God's grace.[6]

1. Rom 8.28,30, 11.7, Eph 1.5,10-11, 2 Thes 2.13-14, 2 Cor 3.3,6, Rom 8.2, 2 Tm 1.9-10, Jn 15.16, Acts 13.48, 1 Thes 5.9, Jas 1.18, 1 Cor 2.12, Eph 2.1-10.

2. Acts 26.18, 1 Cor 2.10,12, Eph 1.17-18, 2 Cor 4.6.

3. Ez 36.26.

4. Ez 11.19, Phil 2.13, Dt 30.6, Ez 36.27, Phil 4.13, Jn 3.5, Gal 6.15, Ti 3.5, 1 Pt 1.23.

5. Eph 1.19, Jn 6.44-45.

6. Sg 1.4, Ps 110.3, Jn 6.37, Rom 6.16-18, Mt 11.28, Rv 22.17; see under figure 5 above.

2. This effectual call is freely made by God and is entirely an act of his special grace. It does not depend on anything God foreknew or foresaw about the person called, [7] who is completely passive. God himself gives life and renewal by the Holy Spirit.[8] He thereby enables each person to answer his call and to accept the grace he offers and actually gives.[9]

7. 2 Tm 1.9, Ti 3.4-5, Eph 2.4-5, 8-9, Rom 9.11.

8. 1 Cor 2.14, Rom 8.7-9, Eph 2.5.

9. Jn 6.37, Ez 36.27, Jn 5.25.

3. Elect infants, dying in infancy, are regenerated and saved by Christ, through the Spirit,[10] who works when, where, and how he pleases.[11] The same is true of all other elect persons who are incapable of being outwardly called by the ministry of the word.[12]

10. Lk 18.15-16, Acts 2.38-39, Jn 3.3,5-6, 1 Jn 5.12, Rom 8.9, Gn 17.7, Ps 105.8-10, Ez 16.20-21, Gal 3.29, Acts 16.15,31-33, 1 Cor 1.16.

11. Jn 3.8.

12. 1 Jn 5.12, Acts 4.12, Jn 3.8, 16.7-8.

4. Others, not elect, may be called by the ministry of the word, and the Spirit may work in them in some of the same ways he works in the elect. However, they never truly come to Christ and therefore cannot be saved.[13] And, of course, people, not professing the Christian religion, cannot be saved in any other way at all,[14] no matter how hard they try to live a moral life according to their own understanding or try to follow the rules of some other religion. To say they can be saved is extremely harmful and should be denounced.[15]

13. Mt 22.14, 7.22, 13-15, 20-21, Heb 6.4-6, Jn 6.64-66, 8.24, 1 Jn 2.19, Acts 28.24.

14. Acts 4.12, Jn 14.6, Eph 2.12-13, Jn 4.22, 17.3.

15. 2 Jn 9-11, 1 Cor 16.22, Gal 1.6-8.